Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 18 Maart 2018 Jr. 7 Nr. 10
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

~~Goedkoop~~ GENADE

"To listen is very hard, because it asks of us so much interior stability that we no longer need to prove ourselves by speeches, arguments, statements or declarations. True listeners no longer have an inner need to make their presence known. They are free to receive, to welcome, to accept."
Henri Nouwen

Ons samelewing druk ons om opinies te vorm oor alles. Indien jy nie 'n opinie het nie, sal iemand jou baie maklik afmaak as on-intelligent, onnadenkend, of selfs net oppervlakkig. Selfs al het jy die opinie dat jy nie 'n opinie het nie, sal jy hoogswaarskynlik onder die selfde kam geskeer word. Daar is niks ongesond daaraan om 'n opinie te hê nie…maar dit raak 'n probleem as ons nie buigbaar kan wees en werklik kan luister na diegene rondom ons nie.

Dit was een van die dinge waarmee die Fariseers gesukkel het. Dit was vir hulle so belangrik dat hulle gesien en gehoor moes word, dat hulle in die proses heeltemal verleer het om leerbaar te wees, om ruimte te gee vir ander, om buigbaar te wees, en om genadig te wees. Hierdeur het hulle op die ou-end hulleself gevangenis gemaak van 'n genadelose bestaan. Jesus moes harde woorde gebruik om hulle van hierdie realiteit bewus te maak (Matteus 23:13-28)…

Sy genade is en was nog nooit goedkoop nie: Dit het Hom sy lewe gekos.

Daarom smag Hy daarna dat ons erns maak daarvan en sodoende verfris kan word daardeur.

Datums:
26-28 Maart - Groot lydensweek
30 Maart - Goeie Vrydag
6 Mei - Pinkster begin
10 Mei - Hemelvaart

Sondag 18 Maart

~~*Goedkoop*~~ *GENADE*
Rom 6:1-5 en Matt 23:13-28

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Sri Lanka

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - x+teV6ba

Koffie is te koop in die Tent by die Soul Coffee toonbank. Daar is ook gratis koffie en tee by die kombuistoonbank.

Elke dag tydens lydenstyd is daar 'n dagstukkie op die webblad (www.nghelder.co.za) en ook op Facebook (Helderberg Gemeente).

Sondag 25 Maart

Genadige mense in 'n genadelose wêreld
Matt 13:31-33

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Danie Möller
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Syd Eaby
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Annalise Wiid - herstel na operasie
Andrew King - gehospitaliseer
Helene Swart - kanker
Corneille Barnard - herstel na knievervanging
Toy Verster - hospitaal
Roenel Swart - ernstig siek

Rou:
Ons gebede gaan uit aan die familie en vriende met die afsterwe van **Dries Du Toit**. Ons bid ook vir Hennie Meyer en sy gesin met die afsterwe van sy vrou **Elby Meyer.**

Dankie vir die reën.

Wat gebeur die week:

Dinsdag 20 Maart
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Erediensswerkgroep - Kapel
19:00 Kerkraadsvergadering - Kapel

Woensdag 21 Maart
Menseregtedag

Donderdag 22 Maart
09:30 Gesamentlike afsluiting
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory oefen

Saterdag 24 Maart
It's Time
www.angusbacuchan.co.za

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Andries du Toit - Langenhovenpark
Brenda von Ziegler - Pretoria-Oos
Frans en Esmirelda Beetge met hul seun Hannert - Kuilsrivier-Suid
Freddie en Chrisna Bakkes - Franschhoek
Hannes Booysen en sy seun Jared - Port-Elizabeth
Hendrik van Wyk - De Rust
Jan-Daniël Visser - Lutzville

Informele diens se nuwe liedjies

Hier is die skakels na hierdie Sondag se informele diens se nuwe liedjies:
Hy leef
https://soundcloud.com/merchantmusicsa/in-verwondering-hy-leef-daar

Die **kerkraadsvergadering** is geskuif na **Dinsdag, 20 Maart** om 19:00 in die Kapel. Die rede vir die verskuiwing is die bespreking van die begroting van Maart 2018 - Februarie 2019. Lidmate wat graag die vergadering wil kom bywoon, is baie welkom.

Besoek aan Straatwerk

Met die besoek aan Straatwerk word mens deeglik bewus van ‘n ‘ander’ wêreld. Ons rustige en veilige bestaan in Somerset-Wes is vêr verwyder van die naglewe in Langstraat, daar waar die vroue as sekswerkers moet oorleef. Die vrou met wie ek kontak maak, pas nie in die rol van ‘n prostituut nie. Sy is vasgevang in mensehandel en die man wat haar gekoop, haar werkgewer, is ‘n ongenaakbare mens wat hoë eise stel.
Sy is op haar lewensreis en ek is dankbaar vir ‘n kort rukkie wat ek teenwoordig kon wees. Mag haar drome bewaarheid word om weer terug te keer na haar moeder en kind. *Isabel*

Ek het besef dat dit slegs genade van God is as jy nie ingetrek word in sulke tipe praktyke nie. *Marina*

Dit was vir my 'n Goddelike ervaring wat nie net my geloof verryk het nie, maar ook my menswees.
Dit het net weereens die waarheid van Rick Warren se woorde bevestig: " It's not about us, it's about God!" I*na*

Projekleier: Isabel Vroon bella.vroon@gmail.com

Helderberg UITREIK

Nagmaal by die jeug

Familiebediening se jeug van graad 1 tot graad 11 het verlede Sondag saam met die gemeente nagmaal gevier. ‘n Onthou-fees van wat Jesus vir ons gedoen het: Sy liggaam wat vir ons gebreek is en Sy bloed wat vir ons gevloei het. In die Bybelse tyd was nagmaal ‘n groot feesmaal. Hierdie feesmaal is aan die jeug verduidelik deur om saam met mekaar die brood te breek, pizza te deel en sap te drink. Dit was voorwaar ‘n feesgeleentheid om hierdie belangrike herrineringstekens aan ons kinders oor te dra.

Waar kan jy ‘n verskil maak?

Maak ‘n verskil, *Bring ‘n Boek*

Die **Uyavula Leesprojek** loods ‘n boekinsamelingsveldtog.
Hoekom?

- Daar is nie biblioteke by die skole waar ons voorlees nie.
- Daar is weinig storieboeke in die klaskamers.
- Die drie leesklubs by Macassar Primêr en die nuwe leesklub by Oklahomastraat Skool benodig almal boeke.

Daarom vra ons: **Bring asseblief, op 25 Maart ‘n netjiese tweedehandse storieprenteboek** (*gemerk Uyavula*) vir kinders van 5 tot 10 jaar oud saam kerk toe en gee dit vir ons by die Uyavula uitstalling. (Of gee ‘n donasie.)

'n Paar weke gelede het die **Projek vir Gestremdes** namens Huis Jonathan gevra vir hulp met die installasie van 'n watertenk. Chris Bester het my sommer die volgende dag al gebel, en die afgelope week is die installasie gedoen. Baie dankie Chris!

Dankie ook vir die ander mense wat hulle dienste aangebied het. Huis Jonathan het nog 'n hele paar ander dringende werkies wat gedoen moet word. As jy kans sien om hulle te help, kontak gerus vir Charmaine Prinsloo direk by 021-851 5766 / 082 930 8503

Annatjie van Niekerk

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*